Book Reviews/Boekresensies

Bewysreg

deur CHW Schmidt
Derde Uitgawe
Butterworths Professionele
Uitgewers (Edms) Bpk 1989
664 Bladsye
Hardeband R115 (AVB uitg)
Sagteband R87 (AVB uitg)

Die eerste uitgawe van hierdie werk het in 1972 verskyn, en die tweede in 1982. Daarna het 'n hersiene uitgawe in 1986 en 'n herdruk in 1987 verskyn, wat aanduidend is van die mate waarin daar van die boek gebruik gemaak word.

Die verskyning van die derde uitgawe is tydig. Weens die talle hofuitsprake op die gebied van die bewysreg is dit noodsaaklik dat 'n werk van hierdie aard voortdurend bygewerk word. Daarbenewens het die Wysigingswet op die Bewysreg, 1988 belangrike wysigings teweeggebring, veral met betrekking tot die hoorsêreël.

Die derde uitgawe se indeling verskil nie wesenlik van die vorige nie, maar sinvolle veranderinge is wel aangebring. Verwysings na regspraak wat hul belangrikheid verloor het en passasies wat vir die skrywer nou onnodig omslagtig of selfs te spekulatief begin lyk het, is weggelaat. Deurdat die skrywer ook gestreef het na 'n bondiger uiteensetting van 'egte' bewysreg, is die hoofstuk getiteld 'Materiële reg ingeklee as bewysreg' weggelaat en die begrippe wat daarin behandel is, naamlik onweerlegbare vermoedens, estoppel en ekstrinsieke getuienis aangaande dokumente word elders behandel. Ook die hoofstukke getiteld '*Res gestae* as relevantheidsbegrip' en 'Getuienis van liggaamlike of geestesongesteldheid' is weggelaat. Onderwerpe wat daarin behandel was, is nou opgeneem in die hoofstuk oor Hoorsêgetuienis as gevolg van die uitbreiding van die toepassingsveld van die hoorsêreël deur die Wysigingswet op die Bewysreg, 1988. Die gevolg is dat die teks met meer as vyftig bladsye verkort is.

Die werk bevat egter ook twee nuwe hoofstukke. Eerstens is daar 'n hoofstuk met die opskrif: 'Getuienislewering: toestelle en apparate'. Die skrywer is van mening dat tegnologiese vooruitgang dit wenslik maak om hier 'n nuwe kategorie (of kategorieë) van getuienis te erken naas die tradisionele indeling van getuienis deur mense, voorwerpe of dokumente. 'Sodoende word die geforseerde toepassing van irrelevante beginsels en presendente vermy en kan gekonsentreer word op die besondere bewysregtelike eienskappe en probleme van gelyksoortige middels'. Tweedens is daar 'n kort hoofstuk ingevoeg waarin die toelaatbaarheid en bewyswaarde van 'n hofuitspraak nou afsonderlik behandel word.

'n Nuttige nuwigheid vir die Engelssprekende leser is 'n 'English-Afrikaans Lexicon' waardeur hy met groter gerief sy weg deur die Afrikaanse vakterminologie kan vind.

Alhoewel daar sover vasgestel kon word geen direkte aanduiding in die boek is tot welke datum regspraak bygewerk is nie, is die jongste beslissing waarna verwys word die van *Maritime & General Insurance Co v Sky Unit Engineering (Pty) Ltd* 1989 1 SA 867 (T).

Die bewysreg is een van die dele van die reg waarmee die regspraktisyn daagliks moet saamleef. Dit is derhalwe noodsaaklik dat hy 'n gesaghebbende werk op die gebied ter hand moet hê, en indien hy daarbenewens met redelike sekerheid kan aanvaar dat so 'n werk aan hom die jongste regsposisie uiteensit, maak dit sy taak heelwat makliker. Die aanvraag na hierdie boek het reeds in die verlede bewys dat dit in 'n groot mate aan hierdie behoefte voldoen, en die verskyning van hierdie nuwe uitgawe kan slegs verwelkom word.

CM van Niekerk
Pretoriase Balie

□ □ □

Criminal Law

by CR Snyman
Second Edition
Butterworths Professional
Publishers (Pty) Ltd 1989
644 Pages (and xv)
Hard cover R118 (GST excl)

Appearing three years after the second edition of *Strafreg* by the same author, this again is a translation (by the author himself) of the Afrikaans work, and, according to the author, must not be viewed as a third edition. However, the author did not content himself with a mere translation of the Afrikaans version, but actively updated references until December 1988 (the Afrikaans 2nd edition is annotated up to March 1986). Therefore although aimed primarily at the English speaking market, the updated English edition will appeal to a broader reading public.

The work follows the same format as its predecessor, falling into two parts, namely a discussion of general principles in Part One and specific crimes in Part Two.

The main amendments to the first edition are to the discussion of aspects of general principles, and are properly canvassed in the preface. These amendments (as stated above, also to the Afrikaans 2nd edition) consist, among others, of a complete, and lucid, re-evaluation of the doctrine of common purpose in the light of *Safatsa* 1988 1 SA 868 (A), and also whether the categories for excluding criminal capacity are closed in the light of the recent case law on this aspect.

In the treatment of specific crimes the latest developments in the law have also been critically and lucidly incorporated. Eg, in the discussion of the crime of extortion, and specifically of the nature of the advantage extorted, *Von Molendorff* 1987 1 SA 135 (T), as the then latest authority, is discussed (bearing in mind that at that time the question had not yet authoritatively been decided by the Appellate Division). The opinion held in the Afrikaans version of the 2nd edition (1986) that the advantage need not be patrimonial, is now candidly abandoned. The author's view is vindicated by the Appeal Court in *Ex parte Minister van Justisie: In re S v J en S v Von Molendorff* 1989 4 SA 1028 (A).

All in all this work still remains suitable for the practitioner as well as the academic.

V Bassermann
Pretoria Bar